



Vak: Graad 7 Natuurwetenskappe

Onderwerp: Natuurwetenskappe: Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 109 Punte

1. suur | suur | suur

6 punte

Verduideliking:

Die suur smaak van asyn dui aan dat dit 'n suur is. Die chemiese naam vir asyn is etanoësuur. Dit is meer suur as suiwer water.

2. A: aanpassing

4 punte

Verduideliking:

Blomme is op verskeie maniere aangepas om bestuiwing te bevorder. Kleurvolle blomblare, soet nektar en aangename reuke is aanpassings wat bestuiwers soos insekte en voëls nader lok.

3. D: pienk

4 punte

Verduideliking:

Indikators is stowwe wat gebruik word om te wys of 'n oplossing suur of alkalies is. Dit word deur middel van kleurverandering gedoen.

4. siwwe | 'n sif | n sif | sif

3 punte

Verduideliking:

Myners het **siwwe** gebruik om die twee vaste stowwe te skei. Die sand het deur die sifdrade geval en die gouderts het agtergebly.

5. B: B

4 punte

Verduideliking:

Al die ander plante in die grafika gebruik diere om hulle sade te versprei. Die vrugte van die moerbeiboom word deur voëls gevreet en die sade versprei dan in hulle mis. Dorings van die duwweltjieplant sit aan die pels van diere vas en word weggedra. Akkers word deur klein diertjies versamel en begrawe; hulle kan groei indien die diere hulle nie weer uitgrawe nie.

6. 3 | 4

4 punte

Verduideliking:

Insekte het **drie** pare pote, twee pare vlerke (sommige het nie) en een paar voelers.

Alle spinnekoppe and ander arachnida-spesies het **vier** pare pote en geen voelers nie. Hul het wel een paar giftande.



7. vaste stof | vaste stof. | vaste stowwe | vaste stowwe.

3 punte

Verduideliking:

Jodium is 'n nie-metaal, donkergrys / swart-pers, blink, soliede element.

8. temperatuur | vinnige | vloeistof | gas

8 punte

Verduideliking:

Wanneer 'n stof van sy vloeistof-toestand tot sy gas-toestand verander, word dit verdamping of kook genoem. Kook is 'n vinnige verandering in toestand wat by 'n spesifieke temperatuur plaasvind. Verdamping is 'n geleidelike proses wat by enige temperatuur onder die kookpunt van die stof kan plaasvind.

9. B: koeksoda

4 punte

Verduideliking:

'n Alkali is die teenoorgestelde van 'n suur.

10. C: Suurstof

4 punte

Verduideliking:

Blik is 'n metaal.
Boron en silikon is semi-metale.
Suurstof is 'n nie-metaal.

11. groepnommer | atoomgetal | massagetal | periode-nommer

8 punte

Verduideliking:

Die atoomgetal toon die aantal protone in een atoom van 'n element. Geen twee elemente het dieselfde atoomgetal nie. Die massagetalle van die elemente neem gewoonlik toe soos wat die atoomgetalle toeneem; dit verskaf inligting oor die massa van een atoom van 'n element. Die vertikale kolomme van die Periodieke Table word groepe genoem en die horisontale rye word periodes genoem.

12. suur | suur.

3 punte

Verduideliking:

Ons kry ook sure in die natuur. SITROENSUUR veroorsaak die skerp smaak in suurlemoene.

13. handsortering | hand-sortering

3 punte

Verduideliking:

Handsortering word gebruik om mengels te skei waar dit maklik is om die verskille tussen die stowwe te sien. Hierdie stowwe word volgens fisiese voorkoms groepeer, bv. glas, blikkies en plastiek.



14. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Goud is 'n uitstekende elektriese geleier, maar dit is te duur om in alledaagse elektriese bedrading te gebruik.

15. bedreig 3 punte

Verduideliking:

As ons nie na ons bedreigde diere omsien nie, sal almal doodgaan en dus UITSTERF.

16. fungi | fungus 3 punte

Verduideliking:

Skimmel is fungi wat in die vorm van meersellige draadagtige strukture groei. Hulle behoort aan die fungi koninkryk.

17. C: Die stingel is houtagtig. 4 punte

Verduideliking:

Plante met **groen, sagte stingels** bo die grond, word kruidagtige plante genoem. Hulle groei vinnig en spruit in 'n kort tyd blomme en baie saad. Die stingels is buigsaam.

18. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Chromatografie word gebruik om mengsels van oplosbare stowwe, soos verskillende kleurpigmente in kleurstowwe en inke, te skei.

19. buigsaam | buigbaar 3 punte

Verduideliking:

Sekere stowwe kan gebuig word sonder om te breek as gevolg van die manier waarop hulle deeltjies gerangskik is.

20. onwaar 2 punte

Verduideliking:

'n Vrou word met 'n voorraad eierselle gebore. Ovulasie is nie die vorming van 'n nuwe eiersel nie. Dit is die vrystelling van 'n eiersel deur een van die eierstokke. In die vroulike liggaam gebeur dit normaalweg een keer elke 28 dae.

21. waar 2 punte

Verduideliking:

Hy was 'n gerespekteerde plantkundige wat geglo het dat alle lewende organismes standaard name moet hê.



22. waar 2 punte

Verduideliking:

Die deeltjies in meel is klein genoeg om deur 'n gewone kombuissif te gaan. Die rosyntjies sal agterbly.

23. onwaar 2 punte

Verduideliking:

'n Slang is 'n gewerwelde dier, want daar is bene binne sy liggaam.

24. C: biosfeer 4 punte

Verduideliking:

Die biosfeer strek vanaf die bodem van die oseaan tot sowat 7 000 meter bo seevlak.

25. warmbloedig | longe | laat melk drink 6 punte

Verduideliking:

Dolfyne kan hulle liggaamstemperatuur min of meer konstant hou, hulle kom uit die water vir lug en die wyfies het kliere wat melk vir hulle kleintjies kan produseer.

26. uitgesterf 3 punte

Verduideliking:

Die kwagga en dodo is voorbeelde van diere wat uitgesterf het. Dit beteken ons sal hulle nooit weer kan sien nie.

27. Stuifmeel beland op die stempel. | 'n Stuifmeelbuis groei in die styl af. | 'n Saad wat op endosperm voed, ontwikkel. | Die vrugbeginsel word 'n vrug. 8 punte

Verduideliking:

'n Stuifmeelkorrel bevat twee manlike geslagselle. Die stuifmeelbuis groei in die styl af tot by die saadknop. Een manlike sel versmelt met 'n eiersel. Die ander manlike sel versmelt met twee selle in die saadknop om endosperm te vorm. Die bevrugte eier ontwikkel tot 'n saad. Die saad voed op die endosperm. Die vrugbeginsel vergroot en word die vrug wat sade bevat.

28. waar 2 punte

Verduideliking:

Sommige bakterieë word in kosproduksie gebruik, bv. kaas en jogurt. Hulle ontbind ook dooie organiese materiaal (plante en diere).

29. bestuiwing 3 punte

Verduideliking:

Bestuiwing is die proses waardeur stuifmeel van die manlike dele van blomme na die vroulike dele van blomme oorgedra word, sodat bevrugting kan plaasvind.



